DIE SONDE VAN ONGELOOF


Laat ons net ’n oomblik bly staan, as julle sal, vir gebed.

2 Dierbare God, ons is dankbaar hiervoor, nog ’n voorreg om hierdie kant van die Ewigheid te wees om weer die Woord van U Seun te preek. Ons wil vanaand vra dat U met ons sal praat op ’n spesiale manier deur U Woord. [Leë kol op band—Red.]. . . die groot gemeenskap van die Heilige Gees in ons lewens hê, in ons boodskap vanaand. En mag die, hulle wat behoeftig is, dit vind wat hulle regtig nodig het. Ons bid dat U ook die siekes sal genees vanaand, Here. Ontvang U die eer. Want ons vra dit, in Jesus’ Naam. Amen.

3 Mag maar sit. Na daardie wonderlike tyd van gemeenskap vanmôre by die Volle Evangelie Sakemanne se ontbyt, het ons net wonderlike gemeenskap gehad, en ons dank die Here daarvoor.

4 En nou vanaand, siende dat baie van julle staan, en wanneer ons opkom, was daar mense buite op die straat wat vertrek het met geen ruimte om binne te wees nie, so ons wil opskud net so gou as wat ons kan.

5 En ek het van my seun gehoor, wat vir my gewag het by die deur, dat ek—ek weer môremiddag moet praat, dink ek, by hierdie plek, net vir ’n kort tydjie, as die Here wil, dan sal ek oor die onderwerp praat: *Waarom Moet Ek Wedergebore Word?*, net ’n klein, Evangelie boodskappie, binnekort, nie meer as twintig, dertig minute nie, uit wees om drie-dertig sodat julle kan huis toe gaan en weer rus vir môre-aand. Môre-aand verwag ons om ’n genesingsdiens te hê, en dan verder aan tot volgende Woensdagaand.

6 Ek wil graag vanaand ’n klein Skrifgedeelte lees, net om die toneel van. . . gevoel van die diens te kry, gevind oorkant in Matthéüs 12, die 42ste vers, net om ’n agtergrond te kry van wat ons wil sê, ’n klein konteks.

> En *die koningin* van *die suide sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag, en dit veroordeel: want sy het van die uiteindes van die aarde af gekom om die wysheid van Salomo te hoor; en, kyk, meer as Salomo is hier.*

7 Nou, ek wil graag die teks neem vanaand, as die Here wil, oor die onderwerp van: *Die Sonde Van Ongeloof*.

8 En daar’s eintlik net een sonde, en dit is ongeloof. Baiekeer dink ons dat sonde drink, en dobbel, en owerspel pleeg is, maar dit is nie sonde nie, dis net die eienskappe van ongeloof. ’n Man doen dit, en ’n vrou, omdat hulle nie die Here Jesus glo nie. As hulle die Here Jesus geglo het, dan sou hulle nie daardie dinge

gedoen het nie. So sonde, wat ons sonde noem, is die eienskappe van ongeloof. En daar's net twee geeste wat 'n mens beheer, dis óf sy geloof óf ongeloof. Elkeen van ons is vanaand toegerus met een of die ander van daardie geeste.

9 En ongeloof is so 'n verskriklike ding. En Jesus het hier net die mense geleer en hulle bestraf oor hulle ongeloof. En in die vorige hoofstuk het Hy gesê: "Jy Sidon en Kapérnaüm, wat verhoog is tot die Hemel, sal afgebring word na die hel, want as die magtige werke wat in julle gedoen is, in Sodom en Gomorra, en die ander stede, as die magtige werke gedoen is in—in Sodom en Gomorra, wat gedoen is in Kapérnaüm," gesê: "sou dit tot vandag toe gestaan het."

10 So waarom het Sodom en Gomorra nie gestaan nie? Hulle het 'n engel gehad, hulle het 'n Boodskap van verlossing gehad, hulle het 'n profesie, die waarskuwings van God gehad, en hulle het dit nie ontvang nie. En vandag lê Sodom en Gommora op die bodem van die Dooie See, nie eens enige ruïnes daarvan oor nie, dis die gevolge van ongeloof. En Jesus het gesê: "Meer as daardie Boodskap is nou hier," en steeds glo hulle dit nie.

11 En toe het Hy verwys na, en Hy is pas Beëlsebub genoem. En Beëlsebub was veronderstel om die prins van die duiwels te wees. En omdat Hy in staat was om die gedagtes van die mense te onderskei, hulle vertel het waar hulle was en wat hulle gedoen het, het hulle gesê Hy was 'n bose gees in Hom wat dit gedoen het.

12 Kan julle julle voorstel mans en vroue wat die Skrifte gelees het deur die jare en die groot skole van gees gehad het en in 'n toestand sou wees, dat hulle so-iets soos daardie sou sien, en dit beklemtoon as 'n duiwel wat werk, toe die Skrifte duidelik aangehaal het dat dit is wat dit sou wees? En hulle was so vasgevang in hulle eie dogmas en in hulle eie teologie totdat hulle Hom nie herken het nie.

13 God het in alle eeue deur mense gewerk; en die rede waarom hulle Hom nie geglo het nie, omdat Hy hierdie groot werke van God gedoen het, tog, as 'n Man. Maar dit behaag God om Homself deur Sy onderdane te manifesteer, want God is 'n Gees. En God is Homself gemanifesteer deur Sy Seun, die Here Jesus. En hulle het probeer sê dat Hy Homself God gemaak het, en hulle het gesê 'n man wat dit sou doen, sou waardig wees om gestenig of doodgemaak te word, doodstraf, wat, stenig was die doodstraf gewees, en hulle kon net nie sien hoe Hy as 'n Mens dit kon doen nie.

14 En die wêreld het nie te veel verander nie. Dis steeds moeilik vir mense om te sien dat God 'n Gees is wat deur mense werk. God het altyd deur die mens gewerk, alle eeue. Hy het Homself gemanifesteer deur Moses, en deur Elía, en deur Noag, deur Henog. Regdeur die eeue het God Homself gemanifesteer deur

Sy agentskap, die man. En Hy het belowe dat Hy in hierdie Heidense tydperk Homself sou manifesteer deur Sy onderdane, die Kerk. Maar die probleem daarmee is vandag, dat elkeen wil sê: "Daardie Kerk waarvan Hy gepraat het, beteken my denominasie," en jy sal dit nie toelaat vir die ander kêrel nie. Maar God werk nie deur denominasies nie, Hy werk deur individue.

15 En ons vind hier uit in die vorige vers dat Hy bestraf en hierdie mense vertel het van hulle sonde van ongeloof, Hy het gesê dat, gepraat van Jona, en hoedat Jona na 'n stad toe gegaan het van 'n honderd-en-tagtigduisend mense, en God het hom soontoe gestuur met 'n boodskap aan daardie mense. En meeste van ons is bekend met die storie hoedat hy 'n skip na Tarsis geneem het, en op sy pad af het daar 'n storm opgekom.

16 O, daar's baiekeer wat ons graag wil sê dat Jona heeltemal buite die wil van God was, en hy mag gewees het, volgens die opdrag, maar God laat alle dinge ten goede meewerk vir hulle wat Hom liefhet. En Hy het daardie ongehoorsame profeet se reis omgedraai na een van die grootste seëninge waarvan ons kan lees. Nadat die skip op die punt was om te sink, het hulle sy hande en voete vasgemaak en hom uit die skip uitgegooi, en 'n groot vis het deur die water gekom en hom ingesluk.

17 En enigiemand weet nadat 'n vis geëet het, gaan hy na die bodem van die water en laat rus sy vinne daar op die bodem. Voer jou goudvissies, hou hulle dop hoe hulle afgaan na die bodem. Nadat hulle deur die water gesoek het en gekry het wat hulle wil eet, dan gaan hulle ondertoe en laat rus hulle vinnetjies op die bodem, alle visse doen dit.

18 En hierdie groot vis wat God voorberei het, wat ons glo 'n walvis was, toe hy vir Jona ingesluk het, het hy afgegaan na die bodem toe om te rus, want dit moes nogal rowwe swem gewees het daarbo in 'n groot storm, die water van plek-tot-plek te slaan, maar hy het sy maagvol gevind, so hy het gedink hy sou net gaan rus.

19 En ek het dikwels gedink wanneer ek mense dit hoor sê: "Wel, ek het Christus as my Verlosser aanvaar, maar, jy weet, ek—ek kan dit net nie lewe nie," of een hoor sê: "Ek het Christus aanvaar as my Geneser, en, o, ek weet nie, ek—ek—ek kan net nie sien dat my hand enigsins beter is nie. My maag met die maagsere voel niks beter nie. My kop het nie opgehou seermaak nie," dan het jy net met 'n verstandelike begrip vir Christus aanvaar. Wanneer jy Christus in die hart kry, pla geen simptome jou van dan af nie, maak nie saak wat gebeur nie, jy noem steeds God se Woord die Waarheid.

20 O, daardie gewyde plekkie waar die mens God kan ontmoet, soos Moses aan die agterkant van die woestyn gehad het! Na veertig jaar van goeie opvoeding, die hoogste grade wat gegee

kon word, sy posisie ken as 'n verlosser en as 'n Hebreër, en weet dat God hom geroep het vir die opdrag, en tog het hy meer van God af geweet binne vyf minute in die Teenwoordigheid van daardie brandende bos, as wat al sy veertig jaar van teologie hom geleer het, hy was in die Teenwoordigheid van God.

21 En elke man wat na die veld toe gaan om die Evangelie te preek, moet nooit weggaan, totdat hy daardie agterkant-van-die-woestyn ondervinding gehad het nie. Niemand kan dit uit jou verstand uit verduidelik nie. Maak nie saak hoeveel hulle die Skrifte verdraai en *dit*, *dat*, of die *ander* sê nie, as jy ooit God van aangesig tot aangesig ontmoet het in die ware doop van die Heilige Gees, daar's nie genoeg teoloë in die wêreld om dit ooit uit jou geheue uit te wis nie, iets het gebeur, jy was daar. Wanneer 'n man daardie plek kry, is daar niemand wat dit kan wegverduidelik van hom af nie.

22 En wanneer 'n persoon daardie plek in Christus vind, daardie geloof wat sê: "Deur Sy wonde het daar vir my genesing gekom," daar sou, kon nie genoeg dokters in die wêreld wees wat vir jou sê jy was gereed om te sterf nie, maak nie saak wat jou simptome is nie, jy glo dit steeds, in elk geval.

23 Soos Abraham, wat daardie dinge wat nie was nie, genoem het asof hulle was, hy het God op Sy Woord geneem, geglo dat Hy in staat was om te doen dit wat Hy belowe het. Die probleem daarmee is met die kerk vandag, ons kom met hoop in plaas van geloof. Geloof is positief, geloof het geen hupstootjie nodig nie, geloof weet waarvan dit praat, geloof is sterk, geloof het hare op die bors, dit spreek en die res van hulle bly stil. Simptome kan glad nie eens praat wanneer ware, goddelike geloof spreek nie, dit het die vloer, dit weet waar dit is, dit het 'n ondervinding gehad.

24 Wanneer ek mense hoor sê van hulle simptome, dink ek aan Jona, as daar enige man was wat 'n reg gehad het om te kla oor simptome, sou dit Jona gewees het. Ons sou dink hy was afvallig, want hy was buite die wil van God toe hy nagelaat het om te doen wat God vir hom gesê het om te doen. En toe was hy, het sy hande agter hom vasgebind gehad, hy was in die maag van 'n vis, en buite in die stormagtige oseaan met 'n groot tornado bo-op die oseaan, in die maag van 'n walvis met seegras om sy nek en braaksel, en as hy *hierdie* kant toe gekyk het, was dit walvismaag, elke manier wat hy gekyk het, was dit walvismaag. Jy praat van simptome! Hy het hulle gehad. Daar is niemand hier vanaand in daardie toestand nie.

25 Maar kyk wat daardie kêrel gedoen het, ons dink hy was afvallig en *so* buite die wil van God, en ons is volmaak in Sy wil, en onder daardie soort opset het hy gesê: "Hulle is valse nietighede, ek sal nie eens na hulle kyk nie, maar nog een keer sal ek kyk na U heilige tempel." Want hy het geweet dat toe Salomo

die tempel toegewy en hierdie gebed tot God gebid het: "As U volk enige plek in die moeilikheid is, en na hierdie heilige tempel sal kyk, hoor dan hulle gebed, Here, en verlos hulle."

26 En hy het geglo in Salomo se gebed en 'n tempel wat deur 'n mens gebou is. En onder daardie simptome en daardie omstandighede, as hy Salomo se gebed kon glo, en 'n tempel wat gemaak is met mense, wat behoort ons vanaand onder hierdie omstandighede, nie kyk na 'n tempel wat met hande gemaak is, of 'n aardse man wat gebid het nie, maar na die Troon van God Self waar Jesus aan Sy regterhand staan, met Sy Eie Bloed wat voorspraak maak volgens ons belydenis, toe Hy gesterf het vir daardie doel? Ons behoort weg te kyk van ons simptome af, en daardie dinge te noem wat is, asof hulle nie is nie; God het die belofte gemaak. En kyk wat God vir daardie profeet gedoen het onder daardie omstandighede: Hy het hom drie dae aan die lewe gehou.

27 Nou, ons weet dat die mense van Ninevé afgode aanbid het, en hulle god van die see was die walvis. En al die vissermanne langs die oewer, en hier kom die walvis reg op die strand ingeswem, en spoeg die profeet uit op die oewer: die god wat die profeet voortbring. Sekerlik, hulle sou dit hoor.

28 En soos hy deur die stad gegaan en gepreek het, het die mense, wat nie geweet het watter regter- en linkerhand is nie, bekeer, totdat hulle as en sakke op hulle diere gesit het. En Jesus het daarna verwys, dat die mense van Ninevé bekeer het met die prediking van Jona, en Hy het gesê: "Meer as Jona is hier." En hulle het Hom Beëlsebub genoem.

29 Toe het Hy verwys na die koningin van die Suide, wat ons weet die koningin van Skeba was. En nou, as julle op julle kaart meet hoe ver dit van Palestina af is tot by Skeba . . . Nou, in die dae van Salomo het God gewerk.

30 Weer, Hy het nooit Sy mense sonder 'n getuie gelaat nie, alle eeue het God Sy gawes in Sy mense gehad. Begryp dit net weer: In alle eeue het God Sy verteenwoordiger op die aarde gehad, nooit sonder 'n getuie nie.

31 En in die dae van Salomo, het God 'n gawe vir Salomo gegee. En wanneer God so 'n gawe stuur, en as die mense dit weier, word dit 'n chaos vir die mense; maar as die mense so 'n gawe ontvang, dan is dit 'n goue eeu vir daardie mense.

32 En Hy het probeer om hulle te laat weet dat dit hulle goue eeu was, maar hulle wou dit nie ontvang nie, Hy het gesê: "Ek het gekom en die werke van God voor julle gedoen, en julle glo My nie." Hy het gesê: "Kyk wat gebeur het in die dae van Jona, en kyk wat gebeur het in die dae van Salomo." Nou, kom ons neem dit net vir 'n paar minute, en kyk na die dae van Salomo toe God vir Salomo 'n groot gawe van onderskeiding gegee het, en die hele Israel dit ondersteun het.

33 O, sou dit nie 'n groot dag gewees het vandag, as al die kerke sou saamtrek rondom God se groot Gawe, die Heilige Gees nie? Sou dit nie wonderlik wees as ons net ons verskille en denominasies sou vergeet, en net die grootste Gawe ondersteun wat God ooit na die aarde toe gestuur het, die Heilige Gees, nie? Sy Seun het gesterf dat Hy mag kom.

34 Julle sê: "Die Heilige Gees wat 'n groter Gawe as Christus is? Deur Christus het die Heilige Gees gekom."

35 Toe hulle Hom Beëlsebub genoem het, het Hy gesê: "Julle dit teen My, die Seun van die mens sê, sal Ek julle vergewe, maar wanneer die Heilige Gees gekom het en dieselfde ding doen, sal een woord Daarteen nooit vergewe word in hierdie wêreld, of die wêreld wat sal kom nie." En hierdie is die groter dag as wat dit was, die Heilige Gees wat universeel werk in Sy Kerk.

36 En sou dit nie wonderlik wees nie? Dit sou wees soos dit was in die dae van Salomo. En enigiemand weet dat dit Israel se goue millennium was, in die dae van Salomo, hulle het die tempel gebou, al die nasies het hulle gevrees.

37 En vandag, wanneer ons soveel vrees het, en sputniks in die lug. . . Ek sien waar Rusland een suksesvol opgestel het daaronder nou, dis oor 'n ton. Een van hierdie dae gaan ons wakker word. En ons bou russkuilings, oral. Wat gaan daardie russkuiling jou help, wanneer 'n waterstofbom. . . Soos ek gepraat het, die voorreg, aan een of ander wetenskaplike onlangs, hy het gesê: "Broer Branham, daardie bom sal 'n gat in die grond skiet honderd vyf-en-sewentig voet diep vir 'n honderd vierkante myl."

38 Wat as jy vyfhonderd voet onder die grond was? Wel, die skudding sou elke stukkie uit jou liggaam breek. Wat as jy honderde myle ver weg was? Dit sou steeds dieselfde doen. God het dit gemaak. . . Daar is geen skuilplek hieronder behalwe een nie, en ons het 'n bomskuiling, dis nie van staal gemaak nie, of dis nie onder die aarde gemaak nie, dis gemaak van vere: onder Sy vleuels sal ons bly en weggeraap word voor hierdie ding plaasvind, veilig en beskut.

39 En ons sien dat Israel veilig was, solank hulle om hulle God saamgetrek het. En dit moes 'n groot nuuskierigheid begin het, oral. Mense wat verbygaan, sou die eenheid en die eensgesindheid van Israel sien, en wat uitsprei van nasie tot nasie.

40 Dit sou dieselfde wees in ons groot, pragtige, lieflike land vandag van Amerika, as al die kerke bymekaar sou kom en die Christene hulle harte bymekaarsit: "En die volk oor wie My Naam uitgeroep is, hulleself sal vergader en bid, dan sal Ek uit die Hemel hoor." Sou dit nie die grootste vrees wees wat Rusland ooit gehad het, as hulle geweet het dat al die Christendom van Amerika as een verenig het nie? Sekerlik, dit sou wees, niemand

kan teen God veg nie. En Israel was verenig soos daardie, en hulle het geen oorloë gehad nie, almal was bang vir hulle; nie bang vir Israel nie, maar bang vir hulle God.

41 En hierdie verbygangers van verskillende dele van die wêreld, wat van plek tot plek gaan, hierdie nuus het reg onder in Skeba beland. Almal wat verbygekom het, sou vir die koninginnetjie daaronder sê: "O, jy behoort bo in Israel te wees, God het vir hulle 'n groot gawe gestuur, en dit werk! Ek was teenwoordig toe ek dit gemanifesteer sien word het."

42 Watter opwinding moes dit nie gewees het nie! En julle weet, geloof kom deur die gehoor, die gehoor van die Woord van God. En toe hierdie koninginnetjie aanhoudend verskillendes hoor sê het daar was 'n God daarbo, Wat 'n man gesalf het met 'n groot gawe, het haar hart begin verlang.

43 Die Skrif sê dat "Julle is die sout van die aarde." En as jy wil hê mense moet dors na Christus, wees net sout, dis al wat die Kerk hoef te doen, sout skep 'n dors. Maar as die sout sy krag verloor het, die kerk sy krag verloor het en net denominasies geword het, dit is voortaan niks werd nie, behalwe om oor gepraat te word en onder die voete van mense vertrap te word. Wat 'n dag waarin ons lewe! Wat 'n teregwysing vir die mense! Maar voorspoed het dit gedoen.

44 Nou let op, en dit het daardie koninginnetjie laat verlang om soontoe te gaan en daarna te kyk. Nou onthou, sy was 'n heiden, 'n heiden, en om daarna te kan gaan kyk, omdat iets in haar hart vir haar begin sê het dat dit eg moet wees . . . Julle sien, sy het aan die kerk behoort, en sy het priesters en—en biskoppe, ensovoorts gehad. Maar haar hele kerk was net 'n intellektuele, net 'n klomp teologie, en sy het gehoor dat daar 'n God was Wat gelewe en Homself gemanifesteer het. God, wees genadig!

45 Wat help 'n historiese God jou, as Hy nie vandag dieselfde is nie? As die vuur van Pinkster nie net so goed is vandag as wat dit toe was nie, wat help dit om daaroor te praat? Wat as 'n man doodvries en jy het vir hom 'n vuur geverf, en jy het gesê die vuur het eendag gebrand? Dit sal hom nie warm maak nie. Hy wil nie 'n geverfde, historiese vuur hê, as hy vries nie, hy wil vuur hê wat brand. En as . . . Die mense wat die Bybel lees wil nie iets hê, 'n God wat gelewe het in 'n vergange dag nie, laat ons 'n God van vandag hê, Wat net dieselfde is as wat Hy toe was. Ons het 'n God nodig wat teenswoordige tyd is.

46 Wat help dit om die Bybel te preek as God stom is en nie Sy belofte wil antwoord nie? Wat sal dit help om jou kanarievoël vitamien B te voer, vitamien A om sy vlerke sterk te maak, en hom die heeltyd in 'n hok te hou? Jy laat hom nie uit nie. Wat help jou vitamiene? Wat help al ons kweekskole en skole van teologie, en ons groot predikers met D.D., Ph.D., en dubbel L.D.'s? Wat help

dit as dit alles op 'n historiese God is wat nie lewe en dieselfde optree vandag, wat hulle onderrig wat wel gebeur het nie?

47 Die Bybel sê dat Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. Hy is nie dood nie, Hy het opgestaan uit die dood en lewe vir ewig, altyd teenwoordig, alomteenwoordig vir altyd. Dis die God waarvan ons wil hoor. Dis die God waarvan elke ware, uitverkore seun van Abraham wil hoor en van wil weet.

48 Toe ek in Indië geland het, het die biskop van die Metodiste kerk en baie van hulle ons ontmoet, hulle het gesê: "Broer Branham, moenie hiernatoe kom as 'n sendeling nie, ons weet meer van die Bybel as wat julle Yankees ooit sal weet." En dis waar, Dis 'n Oosterse Boek, ons probeer Dit verstaan met 'n Westerse opvoeding. Hy het gesê: "Maar wat ons hoor dat God julle Yankees besoek het met 'n gawe wat God werklik sal maak, en Sy Bybel weer laat lewe, dis wat ons wil sien." Dis toe tiene van duisende maal duisende na Christus toe gekom het op een slag. Hulle wil 'n lewende werklikheid hê.

49 As God so groot is in 'n ander eeu, waarom is Hy nie dieselfde vanaand nie? Wat help Hy as Hy geskiedenis is, en nie teenwoordig nie?

50 En hierdie koninginnetjie het dieselfde onderwerp gehad: "Ons het gode in die tempel wat veronderstel was om van een of ander tyd af te wees, ons het die bes-opgeleide priesters wat daar is. Maar daar's . . . Hulle spreek en hulle god antwoord nie. Maar ek hoor dat daar 'n God is," geloof kom deur die gehoor: "Ek hoor daar is 'n God Wat Sy mense liefhet, en Homself manifesteer onder Sy mense. Ek wil Hom graag gaan sien."

51 O, daardie geseënde, heilige dors in 'n man of 'n vrou se hart om te dors na geregtigheid! Die Skrif sê julle sal gevul word.

52 Nou kyk wat sy moes doen. Wel, as sy na haar priester toe gegaan en gesê het: "Sal jy my vir 'n paar maande verskoon? Ek wil graag opgaan in Israel om te kyk of hierdie God lewe waarvan hulle praat, wat 'n gawe in Sy dienskneg genaamd Salomo gestuur het. Ek wil graag soontoe gaan en dit sien, dit gemanifesteer sien word."

53 Wel, natuurlik wou daardie priesters haar nie laat gaan nie. "Jy weet, ons kerk werk nie saam in daardie herlewing daarbo nie." Maar as daardie groot heilige dors in die vrou se hart is, sal sy in elk geval gaan. Dis reg. Niks kan in die pad staan nie.

54 So, God het met die dametjie se hart gepraat, en sy het geweet dat sy geëkskommunikeer sou word. Maar waaruit kon sy geëkskommunikeer word? Wat moes sy verloor? Sy het net 'n klomp geloofsbelydenisse gehad. En nou gaan sy omdat sy gehoor het dat daar 'n God is Wat lewe en optree onder Sy mense. So, sy het begin gereedmaak.

55 Nou, die eerste ding, sy het baie uitdagings gehad, eerste plek, as 'n vrou; 'n ander plek was, 'n ander ding, dat daar 'n lang reis tussen haar land en die land was waar die gawe was. As jy die myle sal tel, word dit geskat dat dit drie maande geneem het vir haar om daar te kom, nie in 'n lugversorgde Cadillac nie, maar op die rug van 'n kameel.

56 Geen wonder Jesus het gesê: "Sy sal in die Oordeel staan en hierdie geslag veroordeel," nie. Ons sal nie oor die straat kom om dit te hoor, met Cadillacs en allerhande vervoer nie; en elkeen van ons gaan in die Oordeel staan saam met daardie vrou.

57 Sy het drie maande op die rug van 'n kameel gehad, maar sy was vasbeslote om te sien of dit reg was of nie. As haar priester vir haar gesê het hulle werk nie goed saam nie, sou dit—dit dit afgehandel het, maar sy sou self sien. Sy sou maak soos ons gisteraand in die Boodskap gesê het dat Natánael, of, Filippus vir Natánael gesê het: "Kom en kyk of daar enigiets goeds uit Násaret kan kom."

58 Moenie by die huis bly en kritiseer nie, kom vind uit. Moenie krities raak nie, gaan sit, neem die Skrifte en kyk of dit reg is. Dis die enigste manier om die waarheid te ken. "Ondersoek die Skrifte, want in Hulle dink julle het julle die Ewige Lewe, en Dit is Dié wat van My getuig." Dis wat Jesus gesê het.

59 So, die vroutjie het in haar hart gesê: "Ek gaan soontoe, en ek gaan self uitvind. En as dit so is, gaan ek dit ondersteun." Sy het kamele geneem, gelaai met goud, en stene, en wierook, en mirre, en allerhande duur gawes. "En as dit regtig God was, is dit werd om te ondersteun; as dit nie God is nie, is dit nie werd om te ondersteun nie." Die vrou het iets gehad. Nou, dit moes eg wees. Sy het gesê: "Ek het 'n paar dinge in my hart, wat ek gaan uitvind." So sy het haar kamele gelaai en al haar diensknegte gereed gekry.

60 Nou, hier's nog iets wat haar gekonfronteer het: Met al daardie goud op daardie kamele en al daardie duur stene, en sy moes deur die woestyn gaan vir negentig dae, drie maande, op die rug van 'n kameel. En in die woestyn was Ismael se kinders daar, wat rowers was. Wat 'n opset sou dit vir hulle wees! Hoe maklik kon hulle inhardloop op daardie vroutjie met haar karavaan van 'n paar soldate, eunugs, tempelwagte, en hulle net afmaai! Maar julle weet, daar's iets omtrent geloof: ken geen vrees nie. As geloof roep, oorweeg jy geen vrees, enige twyfel nie, jy gaan net voort; God roep jou, niks kan dit stop nie. Sy het nooit aan die vrees gedink nie, want sy sou 'n ware en lewende God sien Wat Homself manifesteer. En daar het sy op die kamele gegaan.

61 En toe sy by die poort aangekom het . . . Nou, sy het nie gekom net om oor te gaan en . . . Sy het haar tente opgeslaan, en die volgende oggend het sy haar posisie ingeneem om die gawe van God te sien werk. Sy het gesê: "Nou het die tyd gekom! Ek het

ver gekom, so ek kom nou om te sien of daardie gawe regtig werk of nie."

62 En sy het nie gekom net om 'n paar uur te bly nie, sy het nie gekom net vir een diens nie. Sy het nie gekom nie, sy het gesê: "Nou, ek sal ingaan en gaan sit, en die eerste keer wat daardie prediker enigiets sê wat my kerk nie leer nie, sal ek opstaan en uitloop!" Dit wys óf ongeletterdheid, óf nie die regte soort opvoeding nie, óf 'n beheerde verstand deur 'n duiwel. Dis die enigste ding wat dit verklaar. Sy het gekom, maak nie saak hoe anders dit gelyk het nie, sy sou sien of dit gewerk het. Ons kan oor baie dinge praat, maar werk dit? Dis die volgende.

63 So sy het net gekamp by die hek. Ek hou daarvan, bly tot dit verby is, vind uit daaroor. Ek kan haar sien met die Boekrolle, Hulle aan die lees, die beloftes sien wat God gemaak het, kyk of hierdie dinge Daarmee vergelyk het. Daar was sy.

64 Wat dink julle het plaasgevind op daardie eerste oggend, en daardie koninginnetjie ver agter in die gemeente, toe sy 'n man gesien het, of 'n vrou, of iemand opgekom het voor Salomo, net 'n man, en daardie groot gawe van onderskeiding sien werk het? Sy moes gesê het: "Dis net hoe ek dit gehoor het."

65 En sy het dag na dag gebly, totdat haar beurt gekom het. En toe sy voor Salomo gestaan het, het die gawe van God op haar gewerk, want sy het gesê Salomo het elke vraag in haar hart aan haar bekendgemaak, en sy het geglo. En sy het in die openbaar tussen die mense gestaan en openlik en gesê: "Alles wat ek van jou gehoor het, is die waarheid; en meer as dit wat ek gehoor het, is waarheid."

66 Jesus het gesê sy sal opstaan in die Oordeel saam met hierdie geslag en dit veroordeel, want sy het van die uiteindes van die wêreld af gekom om 'n gawe soos daardie te sien. Wat van nou wanneer ons haar ondervinding het? Ons het duisende jare later met allerhande ondervindings van die lewende God. God lewe steeds, Hy's net so werklik vandag as wat Hy toe was.

67 Toe Hy Homself bekendgemaak het aan Filippus toe Petrus in die diens ingekom het, en Hy vir hom gesê het: "Jou naam is Simon," of Céfas: "en jou vader se naam is Jona," en toe hulle 'n man gaan kry het en hom na Jesus toe gebring het, het Hy gesê: "Jy is 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie."

Hy het gesê: "Rabbi, wanneer het U my geken?"

Hy het gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien."

Hy het gesê: "Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel."

68 Wat het hulle wat daar gestaan het, die Jode, gesê? "Dis Beëlsebub, hy's 'n fortuinverteller."

69 Toe Hy in Samaria ingegaan het, en die vrou uitgekom het om water by die put te kry, of haar water te kry, toe Jesus vir haar gesê het: "Vrou, bring vir My water om te drink."

Sy het gesê: "Dis nie gebruiklik vir julle Jode om met ons Samaritane te praat nie; ek's 'n vrou van Samaria."

En Hy het gesê: "As jy geweet het Wie met jou praat, sou jy vir My water gevra het om te drink." Hy het met die vrou gepraat tot Hy gevind het waar haar probleem was, en gesê: "Gaan, haal jou man."

Sy het gesê: "Ek het nie een nie."

Gesê: "Jy het vyf gehad, en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Jy het reg gesê."

70 Sy het nie gesê Hy was 'n duiwel of 'n Beëlsebub nie. Ek haal dit weer aan: Sy het meer van God geweet, as wat negentig persent van die predikers in Amerika vanaand weet. Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is." Geestelik, is sy gewoond daaraan, is dit geleer. "Ons weet, ons Samaritane weet wanneer die Messias kom, sal Hy vir ons al hierdie dinge vertel. Maar Wie is U?"

Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

71 Sy het in 'n stad ingehardloop, van haar eie stad Samaria, en gesê: "Kom, sien 'n Man Wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die einste Christus nie?" Dit is nie gedoen aan die Heidene in daardie dae nie, dit is nou; dis hoe Hy Homself toe verklaar het: nou.

72 En as die koningin van Skeba in daardie geslag sou staan en hulle veroordeel (O, hoor my mense!), as die koningin van die Suide, het Jesus gesê, sou staan en daardie geslag veroordeel, en ons het tweeduisend jaar van onderrigting daaroor gehad, en hier doen Hy dieselfde ding vanaand, wat sal sy doen met hierdie geslag wanneer sy getuig? Dink daaraan. Ons wat sê dat ons goed is en kerk toe gaan! Wat is *sonde*? Is ongeloof. Maak nie saak hoe godsdienstig jy is nie, net so goed jy sal nie *dit*, *dat*, of die *ander* doen nie, die Mohammedane is dieselfde, Boeddhiste dieselfde.

73 Godsdiens is een ding, verlossing is 'n ander; godsdiens is 'n bedekking, Verlossing is 'n gawe van God. Sy sal staan en hierdie geslag veroordeel. Hoekom? Sy het gestaan toe sy daardie gawe van God deur 'n man sien werk het, sy het gesê: "Dis die waarheid." En sy het Jehova as haar God aanvaar.

74 Toe het die hofdienaar die Boodskap, na Pinkster, na die mense toe afgeneem, van die geboorte, dood, opstanding, van Jesus, die koms van die Heilige Gees. O, wat gaan jy doen as God Sy standpunt inneem, en as jy jou standpunt inneem?

75 Hier 'n paar jaar gelede in die middel van Amerika was daar 'n prediker met die naam van Daniel Greenfield, 'n groot, magtige prediker; baie van julle kerkleiers het sy boek gelees. En

een aand het hy 'n droom gehad, en op hierdie so 'n aand wat hy 'n droom gehad het, het hy gedink hy het gegaan . . . hy het gesterf en hy het opgegaan Hemel toe. En toe hy by die poort gekom het, het die hekwagter uitgekom en hy het gesê: "Wie nader hierdie Plek?"

En hy het gesê: "Ek is Daniel Greenfield, 'n evangelis van Amerika."

Gesê: "Net 'n oomblik, Mnr. Greenfield, ek sal kyk of ek jou kan inlaat; as jou naam op my Boek is, goed.

Hy het die Boek deurgekyk, hy het teruggekom en hy het gesê: "Meneer, ek's jammer, maar jou naam is nie op die Boek nie, jy moet gaan."

"O," het hy gesê: "sekerlik is jy verkeerd! Ek het die Evangelie gepreek, ek het 'n goeie lewe gelei." Gesê: "Sekerlik is my naam op die Boek!"

"Ek's jammer," het hy gesê: "dis nie hier nie."

Hy het gesê: "Wat moet ek dan doen?"

Hy het gesê: "Jy mag jou saak appeleer voor die Groot Wit Troon Oordeel."

"Wel," het hy gesê: "ek het geen keuse nie, dan moet ek dit doen."

76 En hy het gesê, gelyk asof hy deur die lug begin beweeg het teen 'n verskriklike spoed, en hy het in die Teenwoordigheid van 'n Lig ingekom, en soos die Lig helderder geword het, het hy stadiger geraak, stadiger beweeg, naderhand, het hy tot stilstand gekom. Die Lig het nie van enige sekere plek af gekom nie, maar Dit was net oral om hom. "O," het hy gesê: "so 'n gevoel om in daardie Teenwoordigheid te staan!"

77 En daar het 'n Stem uit die Lig gekom en gesê: "Wie nader My troon?" soos 'n groot donderslag wat uitkom.

En hy het gesê: "O God Jehova, ek's die evangelis Dan Greenfield, ek is weggewys van die poorte van die Hemel af, en ek is gevra om my saak te appelleer op U geregtigheid."

"Goed," het Hy gesê: "Ek sal jou verhoor volgens My wet." Hy het gesê: "Daniel Greenfield, het jy ooit 'n leuen vertel?"

78 Hy het gesê: "Tot daardie tyd het ek gedink ek was ten minste 'n eerlike man, opreg, maar," gesê: "o, toe, in daardie Teenwoordigheid, het ek gesien dat ek baie klein dingetjie vertel het wat soort van skelm was, het 'n dubbele betekenis gehad." Hy het gesê: "Ja, Here, ek het gelieg."

Hy het gesê: "Daniel Greenfield, het jy ooit gesteel?"

79 Hy het gesê: "As daar enigiets is wat ek gedink het ek was, sou eerlik gewees het. Maar in die Teenwoordigheid van daardie Lig, het ek baie klein transaksies onthou wat ek getrek het wat duister was."

80 Broer, suster, in die, in jou kerk, by jou bure, in teenwoordigheid van jou pastoor, mag jy baie goed lyk, maar wag tot jy in die Teenwoordigheid van daardie Lig is, daardie volmaakte Lig.

81 Toe het hy gesê hy het 'n Stem weer hoor kom en sê: "Daniel Greenfield, My geregtigheid vereis volmaaktheid. Was jy volmaak in jou lewe?"

82 Gesê: "Nee, Here, ek was nie volmaak nie." En gesê: "Ek was net gereed om daardie groot slag te hoor kom." Gesê: "Gelyk asof my bene ontkoppel het en ek gebewe het asof ek nie kon stop nie."

83 Gesê: "Toe het ek 'n Stem gehoor, was die soetste Stem wat ek ooit gehoor het." Gesê: "Geen moeder kon so praat nie." En gesê: "Ek het omgedraai om te kyk, en ek het die liefdevolste gesig gesien wat ek ooit gesien het." En gesê: "Hy het nadergestap en Sy arms om my gesit, en Hy het gesê: 'Vader, dis waar, Daniel Greenfield was nie volmaak gewees in sy lewe nie, maar daar's een ding wat hy in sy lewe gedoen het: hy het vir My gestaan onder op aarde. So hier in die Hemel sal Ek vir hom staan.'"

84 Ek wonder vanaand, vriend, terwyl ons 'n groep mense is, miskien voor mekaar staan vir die laaste keer as sterflinge, as jy vanaand sou sterf, wie sou vir jou staan? Jou kerk, jou pastoor, jou moeder, jou vader? Laat ek julle aan Een voorstel, as julle vir Hom sal staan vanaand, dan sal Hy vir julle staan.

85 Dink daaraan, terwyl ons ons hoofde net 'n oomblik buig vir gebed.

86 En net voor ons hierdie gebed het, wil ek hê julle moet baie eerlik wees, jonk en oud. En die gewydheid van hierdie oomblik, het julle Hom nog nooit van aangesig tot aangesig ontmoet en met Hom gepraat oor julle sondes nie, en weet dat Hy jou vergewe het van jou sondes? Jy mag by die kerk aangesluit het, dis alles reg, jy mag gedoop gewees het volgens jou geloofsbelydenis of wat nog, of jy mag al jou kategisme geken het, en jy mag 'n baie goeie student van die Skrif wees, maar ken jy Hom?

87 As jy nie, sal jy nou regtig eerlik wees met God? En as jy nie het nie, en God praat nou met jou, God die Heilige Gees wat teenwoordig is, as Hy net nou met jou praat, sê: "Kind, jy weet jy's verkeerd, as jy vanaand 'n hartaanval kry en sterf, weet jy jy kan nie in My Teenwoordigheid staan nie, aanvaar My Seun nou," en deur jou hand op te steek, sê net: "God, onthou my, ek wil nou U genade hê, en deur my hand, bedoel ek dat ek vir U sal staan as U my nou sal help," sal julle julle hande opsteek, regoor die gebou? God seën jou, jou, jou. Die balkonne aan my linkerkant, hierbo, steek jou hand op. "God, wees genadig." Die balkonne aan die agterkant, sal jy jou hand opsteek, iemand, en sê: "God, wees genadig"? Die balkon aan die regterkant?

88 Nou, moenie skaam wees nie: "As julle . . . " God seën julle, susters. "As julle skaam is vir My voor mense, sal Ek skaam wees

vir julle voor My Vader en die heilige engele." Dink daaraan. Maak nie saak hoe goed, hoeveel jy gedoen het nie, dit sal nie een ding beteken in die Teenwoordigheid van God nie, jy staan óf vir Christus óf jy staan nie vir Christus nie.

89 Omtrent twintig of dertig hande was op. Sou daar net nog 'n paar wees, net vir 'n oomblik? Terwyl ons ons hoofde gebuig het, gaan ek die orreliste vra of hy ons net 'n akkoordjie op die orrel sal gee. Laat Christene bid. God seën jou hier, suster. Laat niemand kyk nie, hou net julle hoofde gebuig. Nou, vriend, in die Teenwoordigheid van God, wetende dit, dat ek eendag reg langs Sy sy sal moet staan en rekenskap gee vir die boodskap vanaand, en jy sal, ook, ek bied aan julle, vanaand, deur die genade van God, Jesus Christus, Wat al die sondes van die wêreld wegneem, sal jy vanaand vir Hom staan, dat Hy vir jou sal staan op daardie dag? God seën jou, meneer, daar oorkant, dis goed.

90 Iemand anders wat jou hand sal opsteek en sê: "God, wees my genadig"? Nou hang dit van jou af. God seën jou, meneer, dis 'n goeie standpunt. God seën jou hierbo, suster, jong vrou. God seën jou, meneer, daaragter. God sien julle hande. "Wees my genadig, O God. Ek het julle regtig nodig."

91 Ek wil iets sê, met julle hoofde gebuig, almal wat bid: Niemand weet, jonk of oud, wanneer jy gaan nie, maar dit is eenmaal vir die mens bestem om te sterf, en dan die Oordeel. Sou dit nie hartseer wees as jy daarbo gekom het en uitgevind het dat jy verkeerd was nie?

92 God seën jou hier, dame. Hy sal jou hande sien. Ek wag net 'n oomblik. Moenie verhard wees nie, wees sag van hart. Julle weet die wêreld is . . . Die *sogenaamde* kerk het sy hart getrek deur ou televisieprogramme, en radio, en ongesensorde program, en ou *Ware Verhaal* tydskrifte gelees, totdat hulle hart net so verhard en swart is, geen teerheid meer nie, geen trane meer nie, vroue kan nie meer bloos nie, daar's geen skande meer voor mans nie. Is dit nie 'n jammerlike tyd nie? Maar hierdie moet kom net voor *sekere-sekere* sputnik sy werk doen; God het gesê dit sou. O, as jy in daardie toestand is vanaand, sondaarvriend, druk jou pad verby dit en aanvaar Jesus.

93 'n Tyd gelede, het ek met 'n meisie gepraat, ek het gelei gevoel om net iets vir haar te sê, en ek het gesê: "Suster," na die diens verby was, het ek gesê: "sal jy na Christus toe kom?"

94 Sy het gesê: "Ek behoort aan die kerk, en as ek iemand wou hê om met my te praat, sou ek 'n pastoor kry wat verstand het." Het gesê: "Moet jy nooit probeer om my in die verleentheid stel nie!"

95 Gesê: "Goed, ek's jammer. Niemand weet dit behalwe ek en jy nie. Ek het nie bedoel om jou in die verleentheid te stel nie, ek het jou net gevra omdat ek gesê het ek het gelei gevoel," gestaan langs 'n ou roosbossie by 'n Baptiste kerk onder in Nashville,

Tennessee, nooit die nag vergeet nie, die wind wat waai, maan wat skyn. En sy het haar geverfde lippies opgetrek en haar neusie en weggedeins, ontmoet met 'n paar seuns.

96 Omtrent 'n jaar later, het ek deur dieselfde stad gegaan, het 'n veldtog daar gehou, en soos ek in die straat afgeloop het, het ek 'n jong dame in die straat sien afstap met haar afskuwelike rompe, ek het na haar gekyk en ek het gedink: "Sekerlik, is dit nie sy nie!" En ek het omgedraai en haar begin volg.

97 Sy het na my gekyk soos hulle verbygegaan het, ek het haar ingehaal, sy het gesê: "Hallo, Prediker."

Ek het gesê: "Aangename kennis? Is jy nie die . . . ?"

En sy het gesê: "Ek is." Sy het gestop en haar hand in haar handsak gesteek, 'n sigaret uitgetrek, gesê: "Kry een."

Ek het gesê: "Skaam jou!"

Sy het gesê: "Wel, miskien wil jy 'n slukkie uit my bottel neem?"

Ek het gesê: "Weet jou pa dit?" 'n Diaken in die kerk.

En sy het gesê: "Ek wil jou iets vertel, Prediker. Onthou jy die aand wat jy met my gepraat het by daardie bos?"

Ek het gesê: "Ek sal dit nooit vergeet nie."

98 Sy het gesê: "Dit was my laaste oproep." En hier's die opmerking wat daardie pragtige, jong vrou gemaak het, sy het in hierdie moderne tiener ruk-en-rol goed ingekom, en sy het gesê: "Prediker, my hart is so hard, dat ek my ma se siel kon sien braai in die hel soos 'n pannekoek en daaroor lag." Klaar die lyn oorgesteek tussen genade en oordeel.

99 O, moet dit nie doen nie, vriend! Jongmense, sal julle Christus nie vanaand aanvaar terwyl ons net 'n oomblik langer wag nie? Steek julle hande op, sal julle? Sê: "Wees . . . " God seën julle, dis goed, dis goed. Nog baie het hulle hande opgesteek. Goed.

Laat ons dan bid.

100 Ewige en Geseënde God, in die wete dat hierdie nie net is om in hierdie diens te staan vanaand nie, die Woord van God is gepreek en die Heilige Gees is teenwoordig, en daar staan geskrywe: "Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom eers trek nie." Baie hande het opgegaan, dit wys hulle het 'n besluit gemaak. Wetenskap sê hulle hande moet afhang, maar daar's 'n gees in hulle wat die wette van wetenskap verontagsaam het, en hulle hande opgesteek het tot 'n besluit vir hulle Maker. Hulle is die liefdesgawes van God, en hulle is liefdesgawes vir Christus wat God hulle vir Christus gee; niemand kan hulle uit Sy hand ruk nie. U het hulle die Ewige Lewe gegee en sal hulle opwek in die laaste dag.

101 Skenk, Here, dat hulle siele liefdevol en vol heuning mag wees deur die Teenwoordigheid van die Heilige Gees, totdat die

dood hulle sal vrystel, en in die Teenwoordigheid van God inkom, bedek deur Sy Bloed, gewas en weer nuut gemaak. Here God, laat die Heilige Gees dit net nou doen en gee hulle aan die Here Jesus as geheiligde, gedoopte mense in die Liggaam van Christus. Ons vra dit, in Sy Naam, en tot Sy eer. Amen.

102 Laat ons net een vers daarvan sing: "Heiland, Heiland, hoor my sagte roep." Hoeveel voel baie goed? Steek net julle hande op. Voel dat God hier is? Is julle nie sommer lief vir die Teenwoordigheid van die Heilige Gees nie? Nou, baie verstandig, eerbiediglik, en geestelik, laat ons net ons hande opsteek en Fanny Crosby se kosbare ou lied sing:

Heiland, Heiland,
Hoor my sagte roep;
Wyl U andere roep,
Moenie my verbygaan nie.

U die Stroom van al my troos,
Meer as lewe vir my,
Wie het ek op aarde behalwe U?
Of wie in die Hemel behalwe U.

Kom ons sing dit nou:

Heiland, Heiland,
Hoor my sagte roep;
Wyl op . . . (Om vorentoe te kom.)
Moenie by my verbygaan nie.

103 O, het julle Hom nie net lief nie? Hierdie is die tyd, die boodskap is verby, nou is dit aanbiddingstyd. Kom ons sing hierdie wonderlike ou lied van die kerk:

My geloof kyk op na U,
U Lam van Gólgota,
Goddelike Verlosser!
Nou hoor my wyl ek bid,
Neem al my skuld weg,
En laat my van vandag
Net Uwe wees!

Hoeveel ken dit? Kom ons sing dit nou in die Gees, van aanbidding, terwyl julle nou net die Here aanbid. Goed.

Heiland, Heiland,

Hoor my sagte roep:
Wyl U andere roep,
Moenie by my verbygaan nie.

104 Omdat dit so uitgegaan het, wonder ek of iemand in die gebou uitstel, wat hulle hande moes opgesteek het net 'n paar oomblikke gelede, wat nou regtig wil hê God moet iets vir jou doen. Steek jou hand op. Sal jy dit doen? God seën jou. God maak geen foute nie, jy weet. God seën jou, suster. Mag Hy dit vir jou

gee. Sien, God maak geen foute nie. Hy's volmaak in al Sy werke as ons net die leiding van die Gees sal volg.

105 Nou *My Geloof Kyk Op Na U*. Goed, broer, as jy sal. Almal saam nou. Goed.

My geloof kyk op na U,
U Lam van Gólgota,
O Goddelike Verlosser;
Nou . . .

Laat ons nou ons hande opsteek.

. . . hoor my wyl ek bid,
Neem al my sonde weg,
O laat my van vandag
Net Uwe wees!

106 O, daar's iets omtrent aanbid in die Gees, die goedheid en sagtheid van die Duif, die Heilige Gees, wat vrede bring! O, ek net . . . Kom ons sing nog 'n vers daarvan.

Wyl ek lewens donker doolhof bewandel,

Kyk nou net na Hom.

En droefheid my omvou,
O, wees U my Gids;
Laat duisternis verander in dag,
Vee hartseer trane weg,
En laat my nooit afdwaal nie
Van U af weg.

107 Here God, soos die musiek saggies uitgaan, en die mense wat hierdie goeie ou lied gesing het wat ons vaders jare gelede gesing het, wat alreeds opgegaan het na die Heerlikheid en in U Teenwoordigheid. Laat die engele hulle posisie, hulle plekke vanaand inneem, langs hierdie rye mense en help ons nou om U alomteenwoordigheid te herken, die Teenwoordigheid van die Heilige Gees, en skenk aan ons, Here, ons begeerte in ons hart.

108 En mag, wanneer ons gereedmaak om die gebou te verlaat vanaand, mag ons in staat wees om te sê soos hulle wat van Emmaüs af gekom het: na die eerste opstanding, het hulle in die pad afgestap, gepraat oor die Skrif en Jesus het verskyn, en hulle het nie geweet Wie Hy was nie, maar Hy het heeldag saam met hulle gewandel en hulle vertroos deur die Skrif.

109 En toe die aandtyd gekom het, het hulle binne-in die gebou ingegaan en Hom gevra om in te kom. Dis wat ons gedoen het, Here. En toe U die deur toegemaak het, en—en gaan sit het saam met hulle, het U iets gedoen net soos U het voor U kruisiging. Hulle het herken deur daardie wonderwerk wat U gedoen het, dat dit U was, en U het uit hulle sig verdwyn, maar gou het hulle gehardloop en gesê: "Was ons harte nie brandende in ons, toe Hy met ons gepraat het langs die pad nie?"

110 Hulle het na hulle eie geselskap gegaan en verklaar dat hulle daardie selfde Jesus gesien het wat gekruisig is, wat weer opgestaan het, en dieselfde dinge gedoen het wat Hy gedoen het voor Sy kruisiging. Here, doen dieselfde vir ons vanaand. Skenk dit. Gee ons nou 'n Skrif, en werk, Heilige Gees, deur hierdie Skrif. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

111 Nou, as julle sal vir 'n paar minute, wees baie stil. Hoeveel wat in Goddelike Teenwoordigheid is, was nog nooit tevore in een van my dienste nie? Laat ons julle hande sien. Goeiste! Negentig persent van die skare.

112 Ek veronderstel, Dr. Vayle, vanaand . . . Ek's nie 'n prediker nie, julle weet dit, maar ek . . . God het my 'n ander manier gegee om met Sy Kerk te werk, en dit is deur 'n gawe van die Heilige Gees. En ek gaan vir julle 'n Skrif gee, wat hy waarskynlik baie vir julle vertel het, hoeveel weet dat, hierdie: Jesus het Self gesê, dat Hy niks in Homself kon doen, behalwe wat Hy die Vader sien doen het nie? Johannes 5:19. Toe het Jesus nooit een wonderwerk gedoen, totdat Hy die Vader dit eers deur 'n visioen sien doen het, volgens Sy Woord nie. Dis reg.

113 Toe Filippus na Hom toe gekom het, het hy gegaan en Natánael gaan haal en hom teruggebring en vir Natánael gesê Wie hulle gevind het, en Natánael kon dit nie glo nie. Maar toe hy in die Teenwoordigheid van die Messias kom, het Jesus gesê: "Daar is nou waarlik 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!" Hy kon 'n Arabier gewees het, hy kon 'n Griek gewees het, hy kon enigiets anders gewees het, hulle het almal dieselfde aangetrek, maar Jesus het geweet hy was 'n Jood en was 'n eerlike en regverdige man.

En die man het vir Hom gesê: "Wanneer het U my geken, Rabbi?"

Hy het gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien." Dis vyftien myl weg, 'n dag tevore.

En toe Hy dit gedoen het, het hy gesê: "Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel."

114 Hy het die verskillendes vertel. Hoeveel weet dat dit is hoe Hy Homself verklaar het in die vergange dae? Hoeveel weet dat Hy belowe het dat die werke wat Hy gedoen het, Sy Kerk ook sou doen? "'n Klein tydjie, en die wêreld sal My nie meer sien nie, tog sal julle My sien, want Ek," dis 'n persoonlike voornaamwoord: "Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld. En soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle."

115 Die Vader wat Hom gestuur het, het saam met Hom gegaan en was in Hom, die Jesus wat die Kerk stuur, gaan Daarmee saam en is Daarin. Hoeveel weet dat daardie Jesus wat hier op aarde was die Engel van die Here was wat in 'n Vuurkolom was,

wat die kinders van Israel deur die wildernis gelei het? Alle Bybelstudente weet dit.

116 Hy het gesê . . . Hulle het gesê: "Jy's 'n man nog nie vyftig jaar oud nie, en jy het gesê jy het Abraham gesien? Ons weet nou dat jy 'n duiwel is."

117 Hy het gesê: "Voor Abraham was, IS EK." En dit was die Vuurkolom wat in die bos was wat met Moses gepraat het. Toe Hy hier was, is God in Christus verenig in een, 'n liggaam genaamd Jesus. En toe, toe Hy op die aarde gewerk het en die dinge gedoen het wat Hy gedoen het, het Hy gesê: "Ek het van God af gekom, en Ek gaan na God toe." Is dit reg? Dan, wat Hy ook al was voor Hy vlees was, het Hy teruggekeer soontoe. Dis volgens Sy Woord.

118 Na Sy dood, begrafnis, en opstanding, en hemelvaart, Paulus, Saulus, liewer, was op sy pad na Damaskus om 'n paar mense te arresteer wat te veel geraas gemaak en aangegaan het. So net voor hy by Damaskus gekom het, was daar 'n groot Lig wat in sy gesig geskyn het en hom verblind het, en 'n Stem het uitgeroep en gesê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

Hy het gesê: "Here, Wie is U?"

Hy het gesê: "Ek is Jesus." Is dit waar? Toe het Hy weer terugverander na die Vuurkolom, is dit reg? Van God af gekom, na God toe gegaan.

119 Nou, as ons dit in hierdie prentjie sien soos ek sê . . . Verberg myself, dis nie ek nie, Dis Hy. Hulle het julle daarvan vertel, dis hier in Washington, DC, as die enigste bonatuurlike wese wat ooit gefotografeer is in die hele geskiedenis van die wêreld.

120 Nou, Jesus het gesê: "Ek is die Wynstok, julle is die lote." Nou, die wynstok dra nie vrugte nie, die loot dra vrugte, en die loot sal sekerlik die vrugte van die wynstok dra. Is dit waar? Geënt, of wat dit ook al mag wees, dit moet die lewe van die wynstok dra, want dit lewe van die wynstok. Jesus het gesê: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen." Wel dan: "As julle in My bly, en My Woord in julle, vra wat julle wil en dit sal gegee word."

121 Let dan op, sou 'n perskeboom perskes dra? 'n Wingerdstok sou druiwe dra, 'n waatlemoen sou waatlemoen dra, die Gees van Christus sal die Lewe van Christus dra. Sê die Skrif Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid? As Hy Homself op so 'n wyse verklaar het, soos ons pas gesê het, voor die Jode en die Samaritane, en verbied dat dit gedoen word vir die Heidene . . . Tweeduisend jaar van Heidense kerkteologie, julle sien waar ons beland het. Maar is Hy nie verplig om Homself dieselfde aan die Heidene te verklaar as wat Hy aan hulle gedoen het nie?

122 Soos ek gisteraand gesê het, God word nie enigsins slimmer nie, Sy eerste besluit is volmaak en dis vir altyd. Wanneer 'n—'n geleentheid voorkom en God tree op en daardie selfde geleentheid sal weer opkom, moet God op dieselfde manier

optree as wat Hy die eerste keer het, of Hy het die eerste keer verkeerd opgetree; Hy kan nie anders wees nie, Hy moet dieselfde wees.

123 So, laat ek nou vir julle nog 'n Skrif gee, iets kom op my hart. Gisteraand het ons gebedskaarte hier opgeroep, mense wat kaarte gehad het met nommers aan hulle, en hulle kom op na die platvorm, en die Here God was hier om bekend te maak en die mense te genees, net soos Hy het aan die begin. Almal wat hier was om dit te sien, steek julle hande op wat weet dis waar. Ek gaan julle nog 'n Skrif gee vanaand, en ons sal . . . anders, as die Here wil.

124 Nou, daar was 'n klein, swak vroutjie in die Bybel, wat gedink en geglo het, tog sonder om Hom te sien, dat Hy die Seun van God was . . . So, julle sien, dis jou benadering tot God wat die resultate bring. Soos ek gesê het, daar's 'n Romein wat 'n—'n—'n lap om Sy kop gesit het en Hom op die kop geslaan het met 'n stok, en gesê het: "Profeteer jy, of sê vir ons wie jou geslaan het, ons sal jou glo." Hy het geen krag gevoel nie.

125 Maar daar was 'n vroutjie wat deur die skare gedruk en Sy kleed aangeraak het, want sy het gesê: "As ek net Sy kleed kan aanraak, sal ek gesond gemaak word," 'n vroutjie wat 'n bloedvloeiing gehad het vir baie jare, niks kon haar help nie. En toe sy Hom aangeraak het, het sy afgegaan in die gehoor. Miskien het sy gaan sit of opgestaan, ek weet nie, maar, in elk geval, sy was buite in die gehoor mense.

Jesus het gestop en gesê: "Wie het My aangeraak?" Hoeveel weet dis die Skrif? "Wie het My aangeraak?"

En Petrus het Hom bestraf, hy het gesê: "Wel, almal raak U aan!" (Met ander woorde, wat Hom streel, en: "Aangename kennis? Bly om U te sien, Rabbi. Het U gekom vir 'n herlewing?") Petrus het gesê: "Almal raak U aan. Waarom sê U sulke dinge?"

126 Jesus het gesê: "Maar Ek het swak geword, daar het krag van My uitgegaan." En Hy het rondgekyk totdat Hy die vroutjie gevind het, en Hy het vir haar gesê, haar probleem, dat haar geloof haar gesond gemaak het. Is dit reg?

127 Hoeveel weet dat Jesus Christus vanaand, volgens die Nuwe Testament, die Boek van Hebreërs, dat Hy nou 'n Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede? Wel, as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, en as julle . . . as Hy die Hoëpriester is wat aangeraak kan word, sou Hy nie dieselfde moes optree as wat Hy gister het nie? Hoeveel sou dit glo? Dieselfde gister.

128 Nou, wat jy sou moes doen, sou wees om Hom aan te raak met jou geloof soos die vrou het, nie met jou hande nie; dit was nie haar—haar hande wat Hy gevoel het nie, dit was haar geloof wat Hy gevoel het, en Hy het omgedraai. En as Hy dieselfde is vanaand, hierbinne dieselfde Vuurkolom, as *dit* Hy is, Sy foto,

en as dit is, sal Dit van Hom getuig; as dit nie is nie, sal dit nie, want God getuig van Sy Eie gawes, Hebreërs 11:1 het so gesê.

129 Nou, en as Hy die Hoëpriester is, en ons roep niemand hier na die platvorm toe nie, julle net daarbuite in die gehoor en balkon, waar julle ook al is, as julle God sal glo met julle hele hart, moet glad nie twyfel in jou hart nie, maar raak Hom net aan, Hy sal, vanaand, net dieselfde optree as wat Hy toe het, of Hy is nie dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid nie.

130 Julle sien, vriende, dis te lank dat net teologie, en kerke bou, en denominasies te hê en mense vorentoe te doop, agtertoe, op, af, drie keer, wat altyd, dit beteken niks nie. Wat help ons teologie as dit nie die Christus voortbring nie? Hy lewe. En as Hy so-iets sal doen vanaand, hoeveel sal Hom liefhê, en Hom glo, en Hom aanvaar? Steek julle hande op na Hom, Hy ken elke persoon, ek kan natuurlik nie al julle hande sien nie.

(Wat wil jy hê?)

131 Die Here seën julle. Nou, ek veronderstel dat elke persoon voor my vreemd is om . . . Hoeveel weet dat ek julle nie ken nie? Steek jou hand op dat ek julle nie ken nie. Die enigstes wat ek ken is . . . Ek . . . Hierdie broer wat hier staan, ek kan nie noem . . . Whitecloud, of MacLeod, of iets soos dit was sy naam. Ons het 'n Whitecloud in Jeffersonville, ek reken dit was die verkeerde een. MacLeod. Dr. Vayle, Broer Sweet, dis al wat ek ken; maar die Here God ken julle almal.

132 En nou, wat sou my boodskap help, vanaand, om julle te vertel van 'n vrou wat gekom het om 'n gawe te sien wat God in 'n man geplaas het, Salomo, wat daardie geslag gaan veroordeel omdat Jesus daar was, en aanspraak maak om dieselfde te wees in Sy Skrif, as Hy nie kom en dieselfde ding doen vanaand nie, hoe kan sy wees . . . veroordeel? Maar as Hy dit doen, en jy Hom dan nie glo nie, dan sal jy veroordeel word, want dis waarom Hy daardie geslag veroordeel het om presies dieselfde ding te doen waarvan ek nou van Hom praat.

133 Nou, ek wil hê julle almal moet bid, en glo met julle hele hart, met jou hele siel, al jou krag, dat God teenwoordig is. En moet nou nie rondbeweeg nie, asseblief, wees net baie eerbiedig. Hierdie sou ver bokant wees om jou na die platvorm toe bring. Hoeveel hier het nie gebedskaarte nie, laat ons sien, en julle is siek? Ek wil sien net . . . Daar sou geen manier wees om te sê nie. Ek kan nie sê met of sonder gebedskaartjies nie. Glo jy net—jy net, en God, sekerlik, sal gebed beantwoord.

134 Jesus het gesê: "As julle kan glo!" Net almal eerbiedig en net aanraak, sê: "Here God," sê dit in jou gebed: "Here God, laat my, O Here, ek's behoeftig . . . Ek het U lief, ek glo wat die man sê is die waarheid, want dit het uit die Bybel gekom."

135 En in die Ou Testament, wanneer dit geflits het op die Urim en Thummim, was dit waar. Die Urim en Thummim van daardie

dag, Aäron se borsplaat, het weggegaan, maar God het nog 'n Urim en Thummim: Sy Woord. En as dit flits uit Sy Woord vir jou, dan is dit waar.

136 "As jy kan glo!" Wees net eerbiedig, reik op deur geloof en sê: "Here God, Hoëpriester, ek's siek en behoeftig, raak my net aan, Here, en ek sal nooit meer twyfel nie, dit sal alle vrees van my wegneem en my help."

137 Sien, dis—dis salwing, ek wag en julle wag, iets moet gebeur, of die Woord is verkeerd óf ek's verkeerd. Die Bybel het so gesê, so dit sou die Woord ook verkeerd maak, Hy het dit belowe.

138 Ek probeer net dophou. Dis die Engel van die Here, die Lig waarna ek kyk, dit kom na die persoon toe, daar kyk ek, en daar kom 'n visioen. Dieselfde God wat gelewe het in die vergange dae, is dieselfde God vandag. Laat ons in aanbidding wees. Ek is seker dat Christene my kan waardeer om hier te staan. Asseblief nou, baie eerbiedig, wees eerbiedig, wees baie stil, moenie rondbeweeg nie, jy onderbreek, dis wat seermaak. Sekerlik sal die God van die Hemel oorwin. Hy ken ons liefde en ons aanbidding.

139 Here, ek het pas die Woord gepreek, God, ek is nie verantwoordelik vir die Woord nie, ek is net verantwoordelik om te sê wat U gesê het. En ek vra U om te doen wat U gedoen het toe U op aarde was, dat hierdie mense, baie goeie Christene hier vanaand, wat U glo, Here, as U dit net een keer vir ons sal doen. Laat die mense net weet deur 'n ware teken dat U lewendig is. Praat met een of ander hart, Here, vind geloof hier iewers.

140 Eerbiediglik. Hier is Dit, die Engel van die Here hang oor 'n dame reg hierbuite aan my linkerkant. Sy ly aan probleme met haar voete en haar bene. Dit is reg. Is dit. . .? Mev. Tilton, dis jou naam, is dit nie? Staan op jou voete. Ek ken jou nie, ken ek? Jou nog nooit in my lewe gesien nie. Jy's genees. Jy het die Hoëpriester aangeraak wat geraak kan word deur die gevoel van jou swakhede.

141 O, hoe ons ons Here dank! Nou wees baie eerbiedig. Op een of ander manier hang die Lig steeds naby die vrou. Sy het daar gesit en bid: "Here, laat dit ek wees." As dit reg is, wuif jou hand heen-en-weer, dame, sodat hulle jou kan sien. Daar het jy dit. God in die Hemel weet met my Bybel, ek het nog nooit in my lewe die vrou gesien nie. Hoe sou Hy haar ken, en wat haar probleem was, en wie sy was? As dit nie dieselfde ding is wat Hy in die Bybel gedoen het nie, dan ken ek nie die Bybel nie.

142 Hoeveel glo dit? Sê: "Amen." Goed. Wees eerbiedig. Julle sal meer sien as die Here wil. Nou, bo in die balkonne hou aan bid. Oral rondom, maak nie saak waar jy is nie, hou net aan bid.

143 Op een of ander manier hang daardie Lig steeds oor die vrou, maar dis iets anders wat verkeerd is. Nee, dit is nie, dis die vrou langsaan haar, en daardie vrou het 'n—'n vergroeisel op die bors.

Dis reg, dame. Staan net 'n oomblik op jou voete sodat ek jou gees kan vang. En daardie vergroeisel is op jou linkerbors. Dis reg. Jy's Mev. Woodward. Gaan terug huis toe en word gesond. Moenie vrees oor daardie kanker nie, Jesus Christus genees die siekes en die beproefdes.

"As jy kan glo!"

144 Daar gaan Dit na 'n dametjie toe, soort van bejaard, met 'n toutjie om haar hoed, sit net omtrent twee rye daaragter. Dit kom af na haar op hierdie tyd. Sy ly aan galblaasprobleme. Glo jy, dame, dat die Here jou sal genees, op die punt van die ry? Jy het ook hartprobleme, wat sit by . . . Ja, mevrou. Glo jy dat Hy jou gesond maak? Jy het gebid, die rede waarom jy my nie gekry het nie, jy het gebid, gely aan galprobleme, en aan hartprobleme. Dis reg. Steek jou hande op as dit reg is. Jy het daar gesit en bid.

145 Dit was 'n dubbele ding, die dame wat langs jou sit het ook galblaasprobleme, wat langs jou sit. Staan op jou voete, dame, want dit het albei van julle verlaat, amen, dit het lig geword.

146 Wat het hulle aangeraak? Hulle het die Hoëpriester aangeraak. Wel, hulle is twintig treë van my af, Dit is nie ek nie, Dis die Christus, Hy getuig van Homself, Hy's die Hoëpriester, Hy lewe steeds vanaand.

147 Jy prys die Here, wat daar sit, meneer. Jy het diabetes. Ek ken jou nie, ken ek? Staan op julle voete net 'n oomblik, bly net daar. Daar's iets verkeerd in jou, ja, diabetes, iets verkeerd in jou bloed. Glo jy dat ek Sy profeet is, of, Sy dienskneg, met jou hele hart? [Die broer praat met Broer Branham—Red.] Ek glo dit. Ek kan jou nie genees nie, meneer, ek het geen manier om jou te genees nie, maar jy het iets aangeraak wat gebring is . . . Jy is bewus dat daar iets aan die gang is. Presies. Jy's nie van hierdie stad nie, jy's nie van hierdie stad nie, jy's van 'n plek genaamd Pittsfield, Maine. Dis reg. Jou naam is Mnr. Silas Perkins. Dis presies reg. SO SPREEK DIE HERE. Dis reg. Glo jy? Gaan dan huis toe en word gesond, aanvaar jou genesing, en gaan huis toe en word gesond gemaak.

148 'n Dametjie daar met 'n dingetjie op haar donker rok, sy ly aan maagsere. En glo jy dat ek Sy profeet, Sy dienskneg is? Jy het ook spatare. As dit reg is, steek jou hand op. Glo jy nou? Word gesond. As Jesus Christus . . . As jy genoeg geloof het om Hom aan te raak, sekerlik, het jy genoeg geloof om Hom nou te aanvaar.

"As jy kan glo!"

149 Wat dink jy, wat daar sit en bid, met daardie rugprobleem, wat daar sit, meneer? Glo jy dat God jou daarvan sal genees? Jy glo? Staan op en aanvaar dit.

Glo julle?

150 Daar's 'n dame wat voor jou sit met haar hand op soos hierdie, wat ly aan 'n borsprobleem. Dis reg. Jy bid ook vir jou

man wat langs jou sit, hy drink, jy wil oorkom. . . Dis reg. O, dis SO SPREEK DIE HERE, dit kan nie wees as dit moes nie. Reg. Meneer, aanvaar dit nou, daardie ding sal weggaan. Jy wil dit nie doen nie, jy's te veel van 'n heer daarvoor, glo Hom.

151 Hoeveel van julle glo met julle hele hart? Glo julle Sy Teenwoordigheid is hier? Dan die Christus wat gestaan en gesê het dat die koningin van Skeba in die laaste dae sou staan en die geslag veroordeel, wat Hom dit sien doen het, en hier is Hy aan die einde van die Heidense tydperk wat dieselfde doen!

152 Nou, daar's geen mens wat jou kan genees nie, genesing is alreeds deur God gedoen. "Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, deur Sy wonde *het* daar vir ons genesing gekom." Die enigste ding wat enigiemand kan doen, is om julle te laat aanvaar wat Hy alreeds gedoen het. Glo julle dit? Die Skrif sê wel: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg: As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Is dit reg? Wel, hoeveel gelowiges het ons? Steek julle hande op. Lê dan julle hande op mekaar. As julle gelowiges is, laat ons dit vir God bewys dat jy 'n gelowige is. Bo in die balkonne. . .

153 Jy, meneer, wat daardie prostaatprobleem het, wat net daar langs daardie paal sit, dis nou alles verby, jy kan huis toe gaan, dis gesond.

154 Daardie jong dame daar met daardie TB, dis verby.

155 O, verstaan julle nie dat Sy Teenwoordigheid hier is nie? Jy's in die Teenwoordigheid van die lewende God, nie 'n mens nie, maar 'n ware God Wat nie net tweeduisend jaar gelede gelewe het nie, maar vanaand lewe net hier in hierdie teenwoordigheid nou.

156 O Here God, U sien hulle hande op mekaar lê, en ek bid dat U hulle geloof sal gee. Wat meer kan U doen, Here? U het Uself verklaar om hier te wees, en ek vra dat 'n groot, spontane krag van die Heilige Gees net nou deur hierdie mense sal vloei, en elke persoon genees wat in Goddelike Teenwoordigheid is.

157 Satan, jy het hulle so lank gevange gehou, maar jy's vanaand ontbloot, Jesus kom binnekort vir 'n Kerk, en Hy probeer vir hulle wegrapingsgeloof gee, kom uit hierdie gehoor uit, jou gees van die duiwel wat hulle gebind het! Ek beveel jou, deur die lewende God, dat jy uitkom, in die Naam van Jesus Christus!

158 Elke persoon hier, maak nie saak hoe kreupel, wat jy ook al was nie, as julle glo Jesus Christus is hier en Hy's teenwoordig, staan op julle voete, ek gee nie om wie jy is nie, staan op, wuif jou kreupel hande deur die lug. Dis nou alles verby, jy's genees, in die Naam van die Here Jesus Christus. 

58-0517E Die Sonde Van Ongeloof
Onbekend
Bangor, Maine V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org